





NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 ure

200 punte

Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore, wat 'n standaardiseringsvergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal nie in enige gesprek treë of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat daar verskillende menings oor sekere sake van beklemtoning of detail in die riglyne mag voorkom. Daar word ook toegegee dat indien die standaardiseringsvergadering nie bygewoon word nie, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

Punte moet toegeken word in lyn met:

- die spesifieke inhoud van die punteskema of die generiese vlakbeskrywings wat van toepassing is op die vraag
- die spesifieke vaardighede wat in die punteskema of generiese vlakbeskrywings van die vraag gedefinieer is
- die standaard van die antwoord wat verwag word van 'n kandidaat soos wat die voorbeelde van die gestandaardiseerde vraestelle voorstel

Bepunting moet **POSITIEF** gedoen word

- Punte word toegeken vir korrekte/ geldige antwoorde
- Krediet word toegestaan vir antwoorde wat geldig is en wat wyer strek as die raamwerk van die sillabus (verwys eersgenoemde na die Senior Sub-eksaminator of Eksaminator soos nodig).
- Punte word toegeken wanneer die kandidate duidelik bewys toon van hulle kennis en waartoe hulle in staat is.
- Punte word nie afgetrek vir foute nie.
- Punte word nie afgetrek vir weglatings nie.
- Die spelling, interpunksie en grammatika word alleenlik in die antwoorde gemerk wanneer dit spesifiek geassesseer word volgens die punteskema. Die betekenis moet nog steeds ondubbelsinnig wees.

Reëls moet konsekwent toegepas word, bv. gevalle waar kandidate nie instruksies gevolg het nie of in die toepassing van die generiese vlakbeskrywers.

Die volle spektrum van punte, soos gedefinieer in die Nasienriglyne vir die vraag, moet gebruik word (alhoewel die volle spektrum van punte beperk mag word deur die kwaliteit van die antwoorde van die kandidate).

Punte word alleenlik toegeken soos wat dit uiteengesit word in die Nasienriglyne.

Punte mag nie toegeken word met inagneming van die drempels vir die graad of graadbeskrywers nie.

Wanneer 'n hoër orde vraag gemerk word, moet die koderingstelsel vir opstelle asseblief gebruik word. Sodoende is die modereringsproses meer konsekwent, regverdig en makliker.

Kodes wat gebruik word wanneer opstelle in Aardrykskunde gemerk word

U – Uitstekend

G – Goed

A – Aanvaarbaar

V – Vaag


H – Herhalend


O – Nie van toepassing/ nie relevant

AFDELING A Geïntegreerde VRAAG: DIE GQEBERHA-STREEK EN DIE SONDAGSRIVIERVALLEI			
VRAAG 1 FISIESE GEOGRAFIE			
1.1 Geografiese Vaardighede			
Bestudeer Figuur 1 en voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord vir elk van die vrae te kies. Skryf die nommer van die vraag en die letter wat ooreenstem met jou antwoord neer, bv., 1.1.0 A.			
1.1.1	Bepaal die peiling vanaf Kirkwood na Gqeberha. A 25° B 65° C 165° D 345°	C 165°	
1.1.2	Bereken die afstand vanaf Kirkwood na die hawe in die Coega Nywerheidsontwikkelingsone (NOS). A 20 km B 45 km C 100 km D 300 km	C 100 km	
1.1.3	Die oseaan, A, in Figuur 1 is die ... Oseaan. A Benguela B Indiese C Atlantiese D Stille	B Indiese	
1.1.4	Die getal daaglikse besoekers aan die Addo-olifant Nasionale Park staan bekend as watter tipe data? A Raster B Vektor C Geo D Attribuu	D Attribuu	
1.1.5	Noem die tipe vektor data verteenwoordig deur die dorp Addo. A Lyn B Punt C Veelhoek D Buffer	B Punt	

1.2 Middelbreedtesiklone			
Bestudeer Figuur 2, 'n sinoptiese weerkaart van Suid-Afrika.			
1.2.1	Pas die letters in Figuur 2 by die weerverskynsels hieronder. Skryf slegs die nommer van die vraag en die toepaslike letter neer, bv. (e) A.		
(a)	Suid-Indiese Hoogdrukse	E	
(b)	Kuslaagdrukstelsel	D	
(c)	Koue front	B	
(d)	Binnelandse Hoogdrukse	C	
1.2.2	Noem die winde wat veroorsaak dat daar 'n waarskuwing vir 'n brandgevaar in die Kirkwood-omgewing is.	Bergwinde	Slegs hierdie antwoord is korrek.
1.2.3	Beskryf hoe die winde waarna in Vraag 1.2.2 verwys word, vorm.	- Bergwinde vorm gewoonlik as gevolg van die interaksie tussen die hoogdruk in die binneland en die laagdruk aan die kus. - Lug beweeg vanaf die binneland na die kus. - Die lug word verhit op die groot sentrale plato en vloei afwaarts na die kus terwyl dit verder verhit word deur adiabatiese prosesse.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe beskrywing.
1.2.4	Analiseer die impak van hierdie winde (Vraag 1.2.2) op die besighede en inwoners van die Sondagsriviervallei.	- Brande, verlies aan wonings en gesaaides. - Droë toestande – verlies aan gesaaides - Diere sterf weens die hitte.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike analise.
1.2.5	Verduidelik hoe kenmerk B gevorm word.	'n Koue front vorm wanneer 'n kouer lugmassa die gebied van 'n warm lugmassa inbeweeg. Koue fronte kan drastiese veranderinge in die weer veroorsaak. - Ontstaan by die poolfront	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike verduideliking.
1.2.6	Noem twee weertoestande wat kenmerk B in die Wes-Kaap meebring.	- Reën - Laer temperature - Bewolkte toestande - Verandering in die windrigting (krimping)	

1.2.7	Noem die wolktipe wat by kenmerk B voorkom.	• Cumulonimbus	
1.2.8	Bespreek EEN manier waarop kenmerk B die Wes-Kapenaars sal verontrief.	• Voorkoms van sneeu – Vervoer – Diere verklum • Swaar reënval – Vervoer – Oorstromings – Verlies aan wonings	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. • 1 punt wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.
1.2.9	Valueer die belangrikheid van kenmerk B vir die sosio-ekonomiese welstand van die Kaapse streek.	• Meeste van die reën in die streek word met hierdie kenmerk geassosieer. • Dit help besighede en boere • Maak damme in die streek vol sodat water aan die streek voorsien kan word.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe evaluasie. • 1 tot 2 punte vir 'n eenvoudige/simplistiese evaluasie. • 3 tot 4 punte vir 'n goed ontwikkelde evaluasie, onderlinge skakels tussen faktore of die verhouding tot 'n spesifieke aspek van 'n koue front.
1.3 Dreineerstelsels in Suid-Afrika			
Bestudeer Figuur 3, 'n kaart van die dreineerbekken van die Sondagsrivier.			
1.3.1	Pas die letters H , I en J by die drie terme hieronder om die sleutel vir Figuur 3 te voltooi. Skryf slegs die nommer van die vraag en die toepaslike letter neer, bv. (e) H.		
(a)	Waterskeiding van die Sondagsrivier	J	
(b)	Rivierstelsel van die Sondagsrivier	H	
(c)	Dreineerbekken van die Sondagsrivier	I	
1.3.2	Benoem die dreineerpatroon van die Sondagsrivier se rivierstelsel.	Dendrities	
1.3.3	Sou jy die dreineerdigtheid as laag of medium beskryf?	medium	

1.3.4	Teken 'n skets van die lengteprofiel van die Sondagsrivier vanaf K tot by L .		
	Jou skets moet die volgende insluit:		
	(a) Tydelike erosiebasis / basisse.		
	(b) Permanente erosiebasis.		
	(c) Die stadiums van die rivier.		
1.3.5	Die rivierprofiel van die Sondagsrivier is ongegradeerd. Verduidelik hierdie stelling.	Daar is twee damme (knakpunte) wat gesien kan word op die profiel. Dit maak die rivier ongegradeerd.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe verduideliking. • 1 punt wanneer die antwoord 'n oppervlakkige verduideliking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte indien die verduideliking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.

1.3.6	Gebruik 'n diagram en analiseer hoe die volgende aspekte die vorm van 'n stormhidrogram sal beïnvloed.			
(a)	Reënval	Die intensiteit van die storm sal die vloedspits van die rivier beïnvloed. Hoe meer dit reën = hoe meer water in die rivier en dus meer afloop.		Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike analise
(b)	Grondgebruik	Mense bedek gewoonlik die grondoppervlak met materiale waar die water nie kan deurdring nie, bv. teer of beton. Dit beteken dan dat die oppervlakaflowe vergroot en die hoeveelheid water wat in die grond kan insyfer verminder. Daar is dus 'n hoër vloedspits en korter vertragingstyd.		Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike analise
(c)	Gradiënt	Dreineerbekkens met steil hange lei tot 'n hoër vloedspits en 'n kort vertragingstyd omdat die water vinniger by die hange kan afloop.		Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike analise

VRAAG 2 MENSlike GEOGRAFIE			
2.1 Stedelike strukture en patrone			
Bestudeer Figuur 4, 'n kaart van die Sondagsriviervallei			
2.1.1	Pas die woorde in die blokkie hieronder by die stellings gegee. Skryf slegs die nommer van die vraag en die toepaslike woord(e) neer, bv. (e) vragverbreking		
(a)	Die straatpatroon van Kirkwood	Ruitvormig	
(b)	Die straatpatroon van Moses Mabida	Onbepland onreëlmatig	
(c)	Nedersettingshiërargie van Kirkwood	Dorpie	
(d)	Watter soort nedersetting is Kirkwood?	Sentrale plek	
2.1.2	Is Kirkwood 'n droë- of 'n natpunctnedersetting?	Natpunct	
2.1.3	Verduidelik jou antwoord op Vraag 2.1.2.	Dit is op die vloedvlakte reg by die bron van water.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. • 1 punt wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.
2.1.4	Identifiseer TWEE faktore wat die standplaas van Kirkwood bepaal het.	• Teen die kanaal • Op die vloedvlakte • Vruggbare grond • By die bron van water • 'n Pad loop deur die nedersetting • Die spoorlyn loop deur die nedersetting	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe antwoord.
2.1.5	Verduidelik die verband tussen die dienste wat gelewer word en die grootte van 'n nedersetting.	Hoe meer dienste, hoe meer mense en hoe groter die bevolking hoe meer dienste word benodig.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe verduideliking. • 1 punt wanneer die antwoord 'n oppervlakkige verduideliking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte indien die verduideliking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.

2.2 Informele Nedersettings			
Bestudeer Figuur 5, 'n grafiek van die tipes wonings in Moses Mabida.			
2.2.1	Gee die persentasie informele wonings in Moses Mabida.	2%	Lees direk van die grafiek af.
2.2.2	Definieer 'n <i>informele nedersetting</i> .	Dit is 'n nedersetting wat bestaan uit aanmekeargeflanse strukture en informeel geboue huise met min of geen beplanning. of 'n Groepering geboue sonder behoorlike infrastruktuur of dienste en fasiliteite (soos lopende water, sanitasie en elektrisiteit)	Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag hê en antwoorde sal dus verskil. Antwoord hoef nie teksboek gebonde te wees nie.
2.2.3	Waarom bly 'n aansienlike aantal mense nog in informele nedersettings?	Dit is omdat daar baie armoede en 'n gebrek aan voldoende formele behuising in 'n streek is. Mense kom na die stede maar kry dan nie werk nie.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe antwoord. • 1 punt wanneer die antwoord oppervlak is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte indien die antwoord meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.
2.2.4	Assesseer hoe die tipe boumateriaal wat in informele nedersettings gebruik word, die risiko wat met uiterste weersomstandighede gepaardgaan, vergroot.	• Meeste boumateriale wat in informele nedersettings gebruik word is van swak gehalte en hoogs ontvlambaar, bv. hout en karton • Strukture is nie goed gebou/ aanmekeer gesit nie.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe assessering • 1 punt wanneer die assessering oppervlakkig is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte indien die assessering meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.
2.2.5	Beskryf TWEE kwessies wat ontstaan as gevolg van die groei van informele nedersettings.	• geen sekuriteit van eiendomsreg • voldoen nie aan regulasies van beplanning en bouwerk nie, baie keer in areas gebou wat onvanpas is – sensitiewe areas weens geografie en natuurlike omgewing. • ekonomiese weerloosheid en lae besoldiging	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe beskrywing. • 1 punt per konsep wanneer die antwoord 'n oppervlakkige beskrywing is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte per konsep indien die beskrywing meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.

		- die verskuiwing is deur konflik veroorsaak - hoë misdaadsyfers - die waarde van eiendomme in die omliggende gebied daal - degradasie van die omgewing.	Maks 2 punte indien net EEN kwessie ondersoek is.
2.2.6	Hoe kan plaaslike munisipaliteite die uitdagings wat met informele nedersettings gepaardgaan, verminder?	- Skep werksgeleenthede - Bou meer effektiewe lae-koste behuising.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe antwoord 1 punt vir 'n antwoord wat oppervlakkig is en slegs algemene kennis en begrip toon. 2 punte indien die antwoord meer uitgebreid is en die inhoud goed dek. - Kan nie net 'n lys wees nie.
2.3 Strategieë vir Nywerheidsontwikkeling			
Bestudeer Figuur 6, 'n infografiek oor die Sondagsrivier-Sitrusmaatskappy.			
2.3.1	Verduidelik <i>handelsbalans</i> .	Die verskil tussen die waarde van 'n land se uitvoere en invoere in 'n spesifieke periode.	Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag hê en antwoorde sal dus verskil. Antwoord hoef nie teksboek gebonde te wees nie.
2.3.2	Bespreek die belangrikheid van die SRCC ten opsigte van die sosio-ekonomiese impak op die streek.	- Skep werksgeleenthede - Inkomste vir die streek - Belastings word ingevorder in die streek - Buitelandse valuta - Moontlikheid van vaardighede wat verbeter - Ontwikkeling van infrastruktuur	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. 1 punt per konsep wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. 2 punte per konsep indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek. - Maks 2 punte indien net EEN faktor gedek is.

VRAAG 3 UITGEBREIDE SKRYFWERK**Strategieë vir Nywerheidsontwikkeling**

Moet asseblief NIE REGMERKIES MAAK wanneer 'n opstel gemerk word nie – dit verwar die optellers.

In die plek daarvan, onderstreep relevante en toepaslike punte en maak gebruik van die kodes.

AARDRYKSKUNDE SE KODES VIR OPSTELE E – Uitstekend G – Goed V – Vaag R – Herhalend I – Ontoepaslik F – Aanvaarbaar	INHOUD: _____ Onderstreep relevante punte indien korrek  Omkring verkeerde punte
	BEWYSE: () Sit hakkies () om bewyse

Jy is 'n adviseur vir die Gqeberha-Kariega-Nywerheidsontwikkelingsraad en moet 'n verslag skryf oor die voor- en nadele van ontwikkeling in die streek, insluitend die Sondagsrivier streek.

Omskryf die voordele van die ontwikkeling van 'n NOS en ROI vir die streek.

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> • Die korporatiewe belasting word verminder en voorkeurbelasting word gehef teen 15%. • Goedere wat na die NOS ingevoer word en wat vir bergingsdoeleindes of as grondstof in vervaardigingsprosesse gebruik word, kry verligting van doeane en aksynsbelastings; • 'n Toelaag van tot 30% vir die dekking van die koste van die oprigting van die fabriek, die masjinerie, toerusting, kommersiële geboue en voertuie kan gegee word; • Skep nuwe werksgeleenthede • Geleentheid vir die ontwikkeling van skakelnywerhede. • Ontwikkeling van vaardighede word voorop gestel. • Nuwe infrastruktuur moet gebou word • Beter dienslewering | <ul style="list-style-type: none"> • Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe. • Wees bedag op herhaling in die paragrawe |
|---|--|

Assesseer hoe nywerhede soos die sitrusbedryf in die omgewing van Kirkwood kan bygestaan kan word deur die Coega NOS.	• Dit voorsien agri-prosessering • Toegang tot die uitvoermark • Nuwe koöperasie vergemaklik die doen van besigheid • Minder belasting betaalbaar indien oorsee verkoop • Buitelandse inkomste word verdien • Makliker om met 'n hawe verbind te word.	• Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe. • Wees bedag op herhaling in die paragrawe
Assesseer die uitdagings wat daar in die Gqeberha-Kariega-streek kan wees vir die ontwikkeling van nywerhede.	• Vêr van die vernaamste gebied waar goedere gekoop word. • Arbeidskoste vir die produksie van motorvoertuie is hoër as in Asië en Oos-Europa • Arbeidsonrus en stakings • Groot ongeskoolde arbeidsmag • Infrastruktuur is oud en onderontwikkel (ou tuislande). • Kwessies rondom water – droogte in streek • Kwessies rondom kragvoorsiening – die nasionale netwerk	• Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe. • Wees bedag op herhaling in die paragrawe
Analiseer hoe die Oos-Kaapse regering meer ontwikkeling in die streek kan aanmoedig.	• Bou nuwe infrastruktuur • Herstel die ou infrastruktuur. • Desentralisasie van nywerhede. • Investeer in ROI en NOS • Maak seker dat nuwe nywerhede hulle in die streek vestig. • Verbeter die vaardighede deur middel van onderrig • Daar word aan die spoornetwerk wat na die Oos-Kaap gaan gewerk sodat meer mangan deur hierdie provinsie uitgevoer sal kan word. • Hierdie opgradering van logistieke dui op 'n politiese wil om infrastruktuur te verbeter. • Nuwe nywerhede, insluitend hernubare energiebronne, die ekonomie van die oseane en toerisme moet nagestreef word.	• Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe. • Wees bedag op herhaling in die paragrawe

KRITERIA	Vlak 3 Uitstaande – Goed	Vlak 2 Bevredigend	Vlak 1 Swak
Skryfvaardighede • Neem struktuur en aanbieding in aanmerking. • Gebruik kort inleiding en slot. • Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. [4 punte word aan hierdie komponent toegeken.]	Gepaste inleiding en slot. Gesofistikeerde, samehangende en gestruktureerde skryfwerk. Onderopskrifte en paragrawe is effektief gebruik. Opstel is kort, goed-gestruktureerd en kernagtig. 4 punte	Inleiding en slot teenwoordig, alhoewel nie ideaal nie. Pogings om te hou by die onderopskrifte en paragrawe te gebruik. Verslag dwaal by tye van die punt af en skiet tekort aan bondigheid. 3 punte	Skryfwerk is swak en amper onverstaanbaar. Geen inleiding of slot word voorsien nie. Geen gebruik / navolging van onderopskrifte nie. Lang sinne, swak grammatika en oneffektiewe gebruik van paragrawe. Verslag is herhalend. Kolpunte is dalk gebruik. 1 punt = moet <i>toegeken word vir enige poging om iets te skryf/ probeerslag</i> 2–0 punte
Inhoudskennis • Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe • Hou by onderwerp en onderopskrifte. [12 punte word hiervoor toegelaat]	• Die antwoord assesseer die toepaslike inhoudskennis goed en die bespreking van die onderwerp is in diepte gedoen. • Die evaluasie is effektief en was volhou. Daar is 'n goeie slotsom. • Die antwoord lewer bewys van kennis van voorbeelde en 'n sterk begrip van die konsepte van die onderwerp. • Voorbeelde wat gebruik is is toepaslik en geïntegreer met die antwoord. • Goeie gebruik van geografiese terme en begrippe. • Enige aantal toepaslike feite word per onderopskrif gegee. • 10 punte sal vir die kandidaat toegeken word indien daar <u>minimum</u> van 2 punte per onderopskrif genoem is. • Indien verder uitgebrei word sal 'n addisionele 2 punte toegeken word. 12–9 punte	• Antwoord lewer wel bewys dat kandidaat kennis het van die onderwerp en dit verstaan • Daar is wel sommige relevante inhoud • Die antwoord is net in breë trekke, • Daar is wel beperkte verduidelikende inhoud en 'n slotsom. • Die basis waarop die antwoord gebaseer is is wel korrek, en • Begrip word bewys met die gebruik van die voorbeelde • Oorsigtelike/ algemene bespreking van die kern-kwessies • Bewys van algemene begrip van die onderwerp maar daar is tog wel foute en vaagheid in die bespreking. • Gebruik van geografiese terme en konsepte is baie basies. • 60–50% van die verwagte feite word per onderopskrif gegee. • 1 punt per onderopskrif, of 2 punte word gegee en slegs 2 paragrawe 8–5 punte	• 'n Paar algemene punte rakende die onderwerp word gemaak • 'n Beskrywende antwoord, wat • bestaan uit 'n paar eenvoudige punte. • Kennis is basies en die begrip mag swak wees en nie van toepassing wees op die onderwerp nie. • Afwyking van die onderwerp af. • Swak begrip van konsepte en terminologie. • Geïsoleerde en generiese elemente van die kennis en begrip van die onderwerp. • Oppervlakkige/ swak bespreking • Omtrent geen toepaslike feite/ onderopskrif 4–0 punte

Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip - Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer. - Verwysing na gevallestudie-materiaal / feitелêer / bronnemateriaal verskaf. - Indien toepaslik, moet verwys word na bekende /plaaslike / ander voorbeelde. [4 punte word aan hierdie komponent toegeken.]	Die kandidaat is daartoe in staat om toepaslik te redeneer en evalueer. Daar is goeie bewys van akkurate toepassing van begrip en bewyse word verskaf. Verslag demonstreer begrip en integrasie van toepaslike gevallestudie/ feitелêer/ bronnemateriaal in die konteks van die verslag. Bewyse nodig van ontleding van inhoud en hoërde-integrasie. 4 punte	Oppervlakkige verwysings word na die gevallestudie / feitелêer/ bronnemateriaal gemaak. Alhoewel na ondersteunende voorbeelde verwys word, is dit nie duidelik dat die leerder 'n goeie begrip van die voorbeeld/ gevallestudie se materiaal het nie. Ondersteunende bewyse is nie altyd van toepassing op die onderopskrif of konteks van bespreking nie. Bespreking het geen diepte nie. 3 punte	Beperkte tot geen verwysing na gevallestudie/ feitелêer / bronnemateriaal nie. Voorbeelde word nie verskaf nie. Het min of geen geografiese betekenis. Min ontleding of begrip. Demonstreer minimale begrip van die onderwerp. 2–0 punte
---	--	--	---

AFDELING B KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE			
VRAAG 4 Klimaat en Weer			
4.1 Klimaatterminologie			
Kies die term wat die stellings WAAR maak. Skryf slegs die nommer van die vraag en die ooreenstemmende term neer, bv., 4.1.0. rivier.			
4.1.1	Rook en besoedeling word vasgevang in die vallei as gevolg van 'n (donderstorm/ inversielaag/ rypholte).	Inversielaag	
4.1.2	Die warmste hange in die suidelike halfrond, is dié wat (suid / wes / noord) kyk.	noord	
4.1.3	Winde wat 'n rypholte op die valleivloer vorm staan bekend as (anabatiese winde/ katabatiese winde/ föhn winde).	anabatiese winde	
4.1.4	Die weersverskynsel wat swaar reën in verskeie streke in Suid-Afrika tot gevolg het, is 'n (Kaapse Doktor / afsnylaag/ bergwind).	afsnylaag	
4.2 Tropiese Siklone			
Bestudeer Figuur 8, 'n 3-D model van Orkaan Laura, wat die Amerikaanse kus bereik het.			
4.2.1	Stel 'n moontlike naam voor vir die volgende storm wat die Atlantiese streek sal beïnvloed.	Enige manlike naam wat met M begin	Die benoeming van orkane deur manlike en vroulike name af te wissel is 'n baie algemene konsep.
4.2.2	Verduidelik waarom orkane (tropiese siklone) ontbind wanneer hulle die land bereik.	Omdat die bron van vog nou nie meer bestaan nie verloor hulle energie.	Hierdie vraag sal wys of die kandidaat die konsep verstaan – krediet moet gegee word indien kandidaat bewys dat die konsep verstaan word.
4.2.3	Pas die letters M , N en O op Figuur 8 (bladsy 13) by die volgende kenmerke. Skryf slegs die nommer van die vraag en die ooreenstemmende letter neer, bv. (d) Z .		
	(a) Oog	M	
	(b) Reënbande	O	
	(c) Oogmuur	N	

4.2.4	Verduidelik waarom die toestande in die oog kalm en onbewolk is.	- Die oog is 'n intense laagdruk wat veroorsaak dat lug vanuit die omringende gebiede ingesuiig word – dit gee die tropiese sikloon sy vorm. Hierdie proses veroorsaak kalm toestande in die oog terwyl daar stormagtige toestande in die omringende oogmuur voorkom. - Warm lug in die bo-atmosfeer beweeg na die oogmuur en ander lugmassas beweeg weer vanaf die oogmuur na die oog. - Hierdie terugkerende lugmassas absorbeer nog vog van die see se oppervlak en beweeg na die oogmuur en sodoende laat dit die temperatuur van die storm styg.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe verduideliking. 1 punt wanneer die antwoord 'n oppervlakkige verduideliking is en slegs algemene kennis en begrip toon. 2 punte indien die verduideliking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.
4.2.5	Verduidelik waarom dele wat deur die leidende kwadrant van Orkaan Laura getref is, die ergste deur die storm beïnvloed sou gewees het.	- Winde wat gepaardgaan met tropiese siklone is so sterk dat dit gevaar inhou vir diene wat daarin vasgevang is. - Stormstuwing is wanneer daar 'n uitbulting van die seewater is wat deur sterk winde veroorsaak word. - Stormgety is wanneer die gety se watervlak hoog is as gevolg van 'n kombinasie van die effek van die stormstuwing en die astronomiese gety. - Tropiese siklone lei gewoonlik tot wyd verspreide sikloniese reën van meer as 150 mm wat dan tot gevolg het dat daar ernstige vloede is wat baie skade en selfs sterftes veroorsaak. - Oorstromings is egter die ergste bedreiging van die tropiese siklone vir mense wat in die binneland bly.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe voorstel. 1 -2 punte vir 'n eenvoudige en simplistiese voorstel. 3 tot 4 punte indien die voorstel in detail gedoen is en faktore wat verband hou hiermee goed geïntegreer is en die verband tussen hulle verduidelik is of die verband met 'n spesifieke aspek van die TS wat die land bereik verduidelik word.

		- Die sterk winde van 'n tropiese sikloon kan groot golwe veroorsaak wat ernstige gevaar inhou vir seevaarders en mense wat langs die kus bly. - Wanneer die golwe breek veroorsaak dit dodelike strome in die see – selfs op vêr van die storm af. - Orkane en tropiese storms kan ook tornado's veroorsaak.	
4.3 Subtropiese Antisiklone en Gepaardgaande Weerstoestande			
Bestudeer die twiet deur Gauteng Weather in Figuur 9 hieronder. Mense word gewaarsku oor die moontlikheid van swak lugtoestande oor die binneland.			
4.3.1	Identifiseer of swak lugtoestande eerder in die somer of in die winter sal voorkom.	Winter	
4.3.2	Gee 'n verduideliking van jou antwoord op Vraag 4.3.1.	In die winter word 'n inversielaag deur die hoogdruk oor Suid-Afrika gevorm en dus word besoedeling meer gekonsentreerd.	Die kandidaat moet toon dat die impak van 'n hoogdruk oor Suid-Afrika op die lug se kwaliteit verstaan word.
4.3.3	Identifiseer TWEE menslike oorsake van hoë vlakke van besoedeling.	- Kragstasies - Motors - Brande/ vure - Nywerhede	Enige TWEE redelike antwoorde. Kan wel net gelys wees.
4.4 Stedelike Klimaat			
Bestudeer Figuur 10, 'n kaart van isoterme wat die temperature in die middel van Londen wys relatief tot die temperature in omliggende dele.			
4.4.1	Verduidelik waarom Londen warmer is as die omliggende dele.	Dit is die stedelike hitte-eiland wat deur stedelike gebiede veroorsaak word. Die hitte-eiland vorm as gevolg van materiale wat in stedelike gebiede gebruik word sowel as die menslike aktiwiteite.	Kandidaat moet bewys toon dat die stedelike hitte-eiland begryp word en moet ook bewys dat die oorsake daarvan verstaan en begrip word.

4.4.2	Maak TWEE voorstelle om hierdie temperatuur speling te verminder.	• Meer groen areas moet geskep word • Omgewingswette • Geboue kan verskillende kleure gevef word • Verskeie kleure teer • Nuwe en innoverende boumateriale • Afname in besoedeling • Verminder die verhittings- en verkoelingsopsies • Hernubare energiebronne	Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe oplossings. • 1 punt per konsep wanneer die antwoord oppervlakkige voorgestelde oplossings is en slegs algemene kennis en begrip getoon word. • 2 punte per konsep indien die oplossing meer uitgebreid is en die inhoud goed dek. • Maks 2 punte indien slegs EEN oplossing aangespreek word.
-------	---	---	---

VRAAG 5 GEOMORFOLOGIE			
5.1 Fluviale Terminologie			
Pas die beskrywing in Kolom B by die term in Kolom A. Skryf slegs die nommer van die vraag en die letter van die ooreenstemmende beskrywing neer, bv. 5.1.0 A.			
5.1.1	Abrasie	F.	Die meganiese afbreek van die rotsoppervlakte as gevolg van die wrywing wat veroorsaak word deur die deeltjies wat teen mekaar skuur wanneer dit met die stroom vervoer word.
5.1.2	Deurvloei	D.	Water vloei deur die grond deur die porieë in die grond wat met mekaar verbind is, te beweeg.
5.1.3	Antesedente dreinerings	A.	'n Dreineerstelsel wat die algemene rigting van vloei behou het in 'n gebied waar daar plaaslike opheffing plaasgevind het.
5.1.4	Droë poort	H.	'n Plek waar daar in die verlede wel water gevloei het maar wat nou droog is as gevolg van stroomroofo.
5.1.5	Basisvloei	E.	Volgehoue – hetsy min of as gevolg van goeie weersomstandighede – stroomvloei afkomstig van die grondwater se insyfering.
5.2 Fluviale Prosesse			
Bestudeer Foto 1 van 'n stroomkanaal in die Drakensbergstreek.			
5.2.1	Identifiseer die fluviale kenmerk in Foto 1.	Rivierkronkel/ meander	
5.2.2	Dui aan waar die volgende voorkom (skryf slegs die letter van jou antwoord neer) ...		
(a)	afsetting by die oewer by P of Q	Q	
(b)	erosie van die oewer by P of Q	P	
5.2.3	Verduidelik waarom daar heel waarskynlik hidrouliese aksie by P sal voorkom.	Die gedruis en krag van die water veroorsaak drukking by punt P wat dan weer druk uitoefen en so erodeer die rivier deur hidrouliese aksie.	Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe.
5.2.4	Verduidelik wat met die stroomkanaal by R sal gebeur.	Die rivier sal die oewers erodeer totdat dit kan deurvloei in 'n reguit lyn	Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe.

5.2.5	Benoem die kenmerk wat ná die proses waarna in Vraag 5.2.4 verwys is, sal voorkom.	Meandermeer	Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe.
5.3 Bestuur van die Rivier en Opvanggebied			
Bestudeer Foto 2 van 'n stuwal langs die Bergrivier in die Paarl.			
5.3.1	Sê of afsetting by S of by T sal voorkom.	T	Beantwoord die konsep
5.3.2	Identifiseer EEN rede vir die bou van 'n stuwal.	• Meet die volume water wat deurvloei • verander die wyse waarop riviere vloei • voorkom oorstromings • kleiner stuwalle is belangrik in die ontwikkeling van hidrokrag • kleiner stuwalle kan lei tot toename in visse • stabiliseer watervlakke • stabiliseer die effek van die verandering van die rivier	Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe doel.
5.3.3	Verduidelik hoe 'n stuwal verjonging in die rivier se stroomkanaal sal veroorsaak.	Omdat die water oor die stuwal vloei is daar meer energie in die rivier wat erosie sal bevorder en daardeur volg kenmerke van verjonging.	Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe verduideliking.
5.3.4	Bespreek hoe georuimtelike <i>bufferskepping</i> in die bestuur van oorstromings gebruik word.	Dit sal areas wat moontlik oorstroom kan word, omlyn en dit kan gebruik word vir geboue of waar redding uit die rivier gedoen kan word.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. • 1 punt per konsep wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte per konsep indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.

5.3.5	Assesseer hoe georuimtelike analise gebruik kan word om menslike aktiwiteite wat 'n rivierstelsel beïnvloed, te identifiseer en te beperk.	• data en rekords oor die bronne van water • kan die toestand van die water monitor • kenmerke van beweging • begrip van die kenmerke en hoe grondwater beweeg • geografiese kenmerke wat op natuurlike wyse grondwater affekteer. • kan hellings bestudeer • kenmerke van dreinerings • grondgebruikpatrone • bestuur van watervoorsiening • beheer van water wat met storms gepaardgaan • rampbestuur van vloedwaters	Hier word gekyk of die kandidaat die konsep verstaan Kandidate moet bewys dat hulle georuimtelike data en die bestuur van die dreineerbekken verstaan asook hoe hierdie twee met mekaar verband hou. Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe assessering. • 1–2 punte – die antwoord is meer beskrywend en daar is min assessering van hoe georuimtelik data ons kan help in die bestuur van die dreineerbekken en rivierstelsel. Kennis is oppervlakkig en die begrip mag dalk nie akkuraat wees nie. • <i>Indien daar net 'n lys gegee is maar geen verdere uitbreiding nie (MAKS 2 punte)</i> • 3–4 punte – Daar is wel assessering in die antwoord maar die verband tussen georuimtelike data en die bestuur van die dreineerbekken is oppervlakkig. Die antwoord is wel gebaseer op redelike goeie kennis en begrip. Die voorbeelde het nie genoeg detail of is nie goed verduidelik nie. • 5–6 punte – Die assessering van die gebruik van georuimtelike data om ons te help om die rivierstelsel en dreineerbekken te bestuur is baie duidelik uiteengesit. Dit is duidelik dat kandidaat die konsep goed begryp en kennis dra van die detail van hierdie konsep. Voorbeelde wat gebruik is, is toepaslik en is goed in die antwoord geïntegreer.
-------	---	---	--

AFDELING C LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA			
VRAAG 6 Landelike en Stedelike Nedersetting			
6.1 Landelike Nedersetting			
Bestudeer Foto 3 van 'n nedersetting naby Magaliesberg, Gauteng			
Kies die korrekte antwoord by elke vraag. Skryf die nommer van die vraag en die letter wat ooreenstem met jou antwoord neer, bv, 6.1.0 A.			
6.1.1	Die nedersetting in Foto 3 word geklassifiseer as 'n ... A megalopool B dorpie C geïsoleerde plaasopstal. D stad.	C. geïsoleerde plaasopstal	
6.1.2	Die boerderymetode wat in die omgewing van die nedersetting be-oefen word, is ... boerdery A bestaans- B kleinskaalse C hidroponiese D kommersiële	D. kommersiële	
6.1.3	Die kenmerk wat U benoem is, is 'n ... A windskerm. B kanaal. C windpomp. D boord.	A. windskerm	
6.1.4	Hierdie nedersetting het 'n ... patroon A verspreide B gekernde C liniêre D kompakte	A. verspreide	

6.2 Landelike Nedersettingskwessies			
Lees die artikel oor die veranderinge in klein dorpie in Suid-Afrika hieronder.			
6.2.1	Pas EEN van die woorde wat in die artikel onderstreep is by elk van die definisies hieronder. Skryf slegs die nommer van die vraag en die toepaslike woord(e) need, bv, (z) Dorp.		
(a)	Klein dorpie waarheen mense trek sodat hulle afstandwerk van daar af kan doen.	'Zoom-dorpe'	
(b)	Hervestiging binne 'n land oor provinsiale grense heen.	semigrasie	
(c)	Woongebied met toegangsbeheer en verskeie ander fasiliteite wat restaurante en skilderagtige paadjies insluit.	Gholflandgoed	
6.2.2	Omskryf TWEE redes vir teen-verstedeliking	• Misdaad • Verkeersopeenhopings • Lewenskoste • Besoedeling • Beter lewensstyl sal behoue bly • Gesonder lewensstyl	Gee krediet vir redelike en relevante omskrywing. 1 punt per konsep – kan gelys wees.
6.2.3	Evalueer TWEE maniere waarop hierdie tipe teen-verstedeliking hierdie dorpie sal beïnvloed.	• Groei in bevolkingsgetalle • Infrastruktuur is onder druk • Toename in waarde van eiendomme • Hoër belasting • Infrastruktuur beter ontwikkel • Meer tegnologie • Beter dienste • Dienste raak duurder	Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe maniere wat evalueer is • 1 punt per indien die evaluasië oppervlakkig is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte indien die evaluasië meer uitgebreid is en die inhoud goed dek. • Maks 2 punte indien slegs EEN manier bespreek is.

6.3 Stedelike Struktuur en Patrone.			
Bestudeer Foto 4 en Foto 5 hieronder wat nuwe ontwikkelings naby die SSK van Sandton toon.			
6.3.1	Definieer <i>gemengdegebruik-ontwikkeling</i>	'n Ontwikkeling waar al die behoeftes (eet, slaap en speel) in dieselfde ruimte vervul word.	Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag hê en antwoorde sal dus verskil. Antwoord hoef nie teksboek gebonde te wees nie.
6.3.2	Waarom is die SSK die deel van die stad waar die grondgebruik die digste is?	• Makliker vir dienslewering • Totale kostes is laer • Minder belastings is betaalbaar	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatief.
6.3.3	Bespreek EEN faktor wat daartoe bydra dat die konstruksie van hoë geboue, soos hierdie in Sandton, gewild is.	• Grondwaarde • Bevolkingsdigtheid • Wette • Grondbelasting • Beskikbaarheid van grond	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. • 1 punt per konsep wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte per konsep indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.
6.4 Stedelike Nedersettingskwessies			
Bestudeer Figuur 11 wat die groei van stedelike gebiede dwarsoor Gauteng wys.			
6.4.1	Kies 'n woord uit die blokkie om te pas by elkeen van die stellings hieronder. Skryf die nommer van die vraag en die toepaslike term neer, bv (d) megalopool.		
(a)	Die vinnige, vormlose uitbreiding van die geografiese omvang van stedelike gebiede.	Stadspreiding	
(b)	Oorvol paaie veroorsaak verkeersknope.	Kongestie	
(c)	'n Groot stedelike nedersetting wat ontstaan as gevolg van die samesmelting van dorpe en stede.	Konurbasie	

6.4.2	Voorspel TWEE maniere waarop vinnige stedelike groei stede kan beïnvloed.	• Water en sanitasie • Gebrek aan stadsbeplanning • Gebrek aan investering in infrastruktuur • Ontwikkeling van gheto's en informele nedersettings • Probleem van armoede • Toename in werkloosheid • Afhanklikheid van motors veroorsaak meer geraas en daar is kongestie • Toename in bevolking - lugbesoedeling • Agteruitgang van die omgewing	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatief • 1 punt vir elke impak wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte per impak indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek. • Maks 2 punte indien slegs EEN manier aangespreek is.
-------	---	--	--

VRAAG 7 Ekonomie van Suid Afrika			
7.1 Ekonomie: Waar of Vals			
Dui aan of die stellings hieronder waar of vals is. Skryf slegs die nommer van die vraag en dan of die stelling waar of vals is, bv. 7.1.0. Vals			
7.1.1	Alomteenwoordige nywerhede is fabrieke wat in omtrent elke dorp in die streek gevind kan word.	Waar	
7.1.2	Voedselsekureit verwys na gebrek aan voedsel wat tot hongersnood lei.	Vals	
7.1.3	Infrastruktuur verwys na die strukture en fasiliteite wat benodig word vir die gemeenskap om te funksioneer.	Waar	
7.1.4	'n Vragverbrekingspunt verwys na 'n gebied agter en aangrensend tot 'n kUSDorp of 'n dorp wat langs 'n rivier is.	Vals	
7.2 Landelike Nedersettingskwessies			
Bestudeer Figuur 12 wat verwys na die hoeveelheid grond wat tussen 1994 en 2016 herverdeel is.			
7.2.1	Definieer <i>herverdeling van grond</i> .	Om die benadeelde en arm mense toegang tot grond te gee sodat dit vir nedersetting en landboudoeleindes gebruik kan word.	Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag hê en antwoorde sal dus verskil. Antwoord hoef nie teksboek gebonde te wees nie.
7.2.2	In watter jaar is die meeste grond oorgedra?	2008	Word direk van die grafiek af gelees.
7.2.3	Bespreek die voordele vir gemeenskappe wat grond verkry as gevolg van 'n grondeis	- Vermindering van armoede - Uitbreiding van landelike ontwikkeling. - Grond terug te besorg aan die oorspronklike eienaars - Om die oordrag van landbougrond aan swart begunstigdes te bespoedig. - Om seker te maak dat die produksie op grond wat oorgedra is volhoubaar is deur te verseker dat die mense eers toegerus word voor die oordrag van grond. - Meer mense in plaaslike gemeenskappe en kleinskaalse boere se vaardighede moet verbeter word.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. 1 punt per voordeel wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. 2 punte per voordeel indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek. - Maks 2 punte indien slegs EEN voordeel bespreek is.

7.3 Mynbou			
Bestudeer Figuur 13 hieronder wat die volume mangaan wat tussen 2015 en 2019 in Suid-Afrika geproduseer is, toon.			
7.3.1	Noem die provinsie waar die meeste mangaan ontgin word.	Noord-Kaap	
7.3.2	Sê hoeveel ton mangaan in 2019 geproduseer is.	6 500 miljoen ton	
7.3.3	Verduidelik die verband tussen die produksie van ystererts en mangaan.	Ystererts en mangaan is die hoof komponente in die vervaardiging van staal.	Gee krediet vir redelike en toepaslike alternatiewe antwoorde.
7.3.4	Bespreek TWEE faktore wat mynbou in Suid-Afrika beïnvloed.	- Afhangend van die buitelandse markte en beleid word meeste minerale uitgevoer, – dit kan wel beteken dat die myn nie meer winsgewend is nie omdat die pryse val en myne dan gesluit word. - Probleme met watervoorsiening - Probleme met elektrisiteitsvoorsiening - Onverwerkte minerale – die sekondêre sektor het eers later ontwikkel. - Ondergrondse water – gevaarlik en duur om te onttrek – SMW - Salarisse het sedert 1994 gestyg vs. waarde van die produksie - HIV - Stakings /arbeidsonrus - Veiligheid van die werkers - Pakkette vir werkers werk duur uit - Die proses om die omgewing te rehabiliteer is duur - Die vervoer van die minerale na die hawens toe is duur aangesien die myne diep in die binneland is - Wisselvalligheid van kommoditeitspryse - Diepte van die myne, ventilasie, toegang, veiligheid - Kostes word net al hoe hoër - Voldoening aan die Mynboumanifes - Arbeid – lae produktiwiteit, eise rakende	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. 1 punt per faktor wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. 2 punte per faktor indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek. - Maks 2 punte indien slegs EEN faktor bespreek is.

		• Strategiese minerale is almal bymekaar geleë • Infrastruktuur – Kommoditeite is groot en swaar: Pad vs. Spoorvervoer (koste & skade) • Toeganklikheid van kritiese insette – Water, energie, staal • Ontwikkeling & behoud van vaardighede – nie 'n glansryke sektor nie	
7.3.5.	Bespreek EEN omgewingskwessie wat veroorsaak word deur die ontginning van mangaan.	• Suur mynwater • chronies giftig • Mense word verplaas • Die omgewing word verwoes	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. • 1 punt per kwessie wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte per kwessie indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek.
7.4 Informele Sektor			
Bestudeer Foto 6 waarin jy 'n handelaar op die sypaadjie op 'n dorp in Suid-Afrika kan sien.			
7.4.1	Definieer <i>die informele sektor</i> .	• Ekonomiese aktiwiteit wat nie deur die regering gereguleer word nie. • Besigheid is te klein om belasting te betaal.	Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag hê en antwoorde sal dus verskil. Antwoord hoef nie teksboek gebonde te wees nie.
7.4.2.	Bespreek TWEE probleme waarvoor mense in die informele sektor te staan kom.	• Lae inkomste • Word deur prysstygings beïnvloed • Geen beskerming • Misdaad • Wette kan hulle wegdryf • Geen areas wat spesifiek aan hulle toegeken is nie • Die weer en klimaat beïnvloed hulle.	Gee krediet vir 'n redelike en toepaslike alternatiewe bespreking. • 1 punt per probleem wanneer die antwoord 'n oppervlakkige bespreking is en slegs algemene kennis en begrip toon. • 2 punte per probleem indien die bespreking meer uitgebreid is en die inhoud goed dek. • Maks 2 punte indien slegs EEN probleem bespreek word